# OORDELE – 2
## (5-PUNT STER)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

Nota: U word aangeraai om die vorige lesing(s) oor hierdie insiggewende onderwerp "Oordele" te bestudeer.

## TEMA: DIE 5-PUNT STER (PENTAGRAM)

### SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: LUKAS 16:9

**Lukas 16: 9 En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.**

-o0o-

Kom ek verduidelik vir julle 'n bietjie meer van die **5-punt** ster van Lucifer.

A. In hierdie koninkryk van die Babiloniese sisteem waarmee Lucifer die hele aarde kontroleer, hanteer, manipuleer en regeer, is daar geen liefde nie. Dit is soos die toring van Babel wat gebou is. Die een vertrap die ander een om bo te kom, sodat hy altyd in beheer sal wees, altyd sal regeer en kan heers oor die ander.

B. **Christus se Koninkryk is 'n Koninkryk van onderwerping / onderdanigheid (submission)** en **diensknegskap**, terwyl die Babiloniese koninkryk vertrap, oorheers en manipuleer.

Jy kry dit in die huishouding, waar mans hul vrouens net manipuleer, asook in werksituasies. Dit is orals bekend.

- Dit is die wêreldstelsel waarmee satan die hele wêreld beheer, manipuleer, hanteer en regeer.
- Daar is geen liefde in nie.
- Daarin is net oorheersing en vertrapping.

- - -

### (i) Die eerste arm wat hy het, is POLITIEK

Ons in Suider-Afrika hoef niks te gaan leer van politiek nie. Ons ken die politieke stelsel en ons weet hoe vals dit is. Politiek is een van die grootste speelballe vandag van manipulasie in die hele wêreld waar die een die ander een vertrap. Die een vervloek en verwens die ander een.

Daar is geen liefde nie, geen koninkryk beginsels nie. Daar is net haat, tweedrag, oorheersing en vertrapping; vertrapping van een volk teen 'n ander volk, armes ingesluit.

Hulle sê hulle gee wel om, maar dit is nie regtig so nie. Dit gaan alles net oor hulle eie sakke, want politiek is een van die valsste (oneg) stelsels wat daar kan wees.

-o0o-

So baie kinders van die Here is betrokke in politiek, in stede daarvan om betrokke te wees in die liggaam van Christus Jesus. Hulle stuur allerhande politieke dinge aan, in plaas daarvan om by die Here te gaan hoor wat Hy vir hulle wil gee om aan te stuur. 'n Woord uit God se Woord, bou die Koninkryk van **LIG**, maar nou bou hulle veel eerder die politieke stelsels met hul aktiwiteite.

## (ii) Die tweede arm is TRADISIES

- Volkstradisies,
- Taal tradisies,
- Gesinstradisies,
- Familie tradisies,
- Godsdienstige tradisies, sisteme
- Nasie tradisies.

Alle vorms van tradisies word hierin vasgevang, soos byvoorbeeld my oupa was in daardie politieke stelsel so ek is ook nou daar, al weet ek nie eers waarvoor dit staan nie. My oupa was in daardie kerk en ek is in daardie kerk gedoop.

Hoe moet ek weet of God my nog steeds daar wil hê? God is nie 'n God wat gedurigdeur 'n na-aper is nie. God skep lewe en elke keer is daar **nuwe lewe.**

- Tradisies is een van die grootste vyande van die Christendom, want dit hou die mensdom en die hele Christendom van vandag vas.
- Dit is daardie gebondenheid van Boas se gerwe, daardie vasmaak, manipulasie en oorheersing. Niemand is vry om te beweeg in die Gees nie, niemand is vry om te doen soos God se Gees hulle lei nie, maar ten spyte daarvan, moet die tradisies gevolg word - alle vorms van tradisies.

## (iii) Die derde arm is MAMMOM.

Hierdie geldstelsels van die wêreld, wat die hele wêreld manipuleer en vas hou, is waaroor alles gaan. Hoekom dink julle het Jesus in Lukas 16: 9 gesê:

**Lukas 16: 9 En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.**

Daar is soveel mense wat so 'n groot god maak van Mammon, dat hulle nie eers meer belang stel in enigiets anders behalwe Mammon nie. Hulle sal hulle hele wese gee vir nog geld. Hulle sal hulle gesinne, hulle kinders, hulle mense, hulle geliefdes vertrap vir die volgende paar rand.

Mammon is seker een van die goed wat die mens, kinders van God ingesluit, vleeslik die gelukkigste kan maak. Let 'n bietjie op as mense pryse wen. Soms kyk ek na 'n televisie program waar die mense pryse van kontant of so wen. Kyk hoe opgewonde gaan daardie mense aan! Hulle word soms histeries! Dan is dit nie eens uitsonderlike groot bedrae geld wat hulle wen nie!

Ek dink dan: "Here, kan geld 'n mens so gelukkig maak?" Kyk gerus na 'n kind van die Here. Stel maar vas wanneer hulle pryse wen, en boon-op neem hulle ook nog deel aan dobbelary, net om meer te kry, want God kan mos nie sorg nie. Wanneer hulle daardie prys gewen het, gaan hulle so tekere sodat almal moet weet! Gee nou vir hulle 'n Woord van die Here af, dan sal jy sien wat maak hulle. Hulle betwyfel en

wonder of dit van die Here af is of nie! Dit word eers onder n vergrootglas geplaas om te kyk of dit regtig van die Here is of nie, maar gee nou vir hom geld, dan moet jy sien hoe spring hy.

- Mammon is 'n baie sterk tentakel in satan se hande.
- Mammon is die slinksste leuen wat satan het om die mens gelukkig te maak,
- Dit is alles tydelik, want dit is nou in jou hande, môre is dit nie daar nie. Waar is daardie geluk dan heen?

## (iv) Die vierde arm is HOERERY

Dit is alle vorms van hoerery. Hierdie is ook 'n baie sterk ding vandag. Ons hoef nie vêr te gaan soek vir hoerery vandag nie. Hoerery is op ons tafels gedek, in ons kinders se klaskamers en in hul lewens. Hy is orals. Skakel maar die internet aan of gaan in 'n program of rekenaar platform, dan spring die goed op. Dit is aan die orde van die dag.

God het die seksuele daad daar gestel vir die man en die vrou as die hoogtepunt in die huwelik. Dit is daar om mekaar se lewe, se liefde, se wese te kan geniet en om een te kan word in liggaam, siel en gees. Dit is die mooiste, pragtigste, grootste vorm van liefde tussen man en vrou wat daar kan wees. Satan het dit gevat en dit 'n vieslike, lelike daad verander.

Daar is 'n betrokke kettingwinkel in Suid-Afrika wat alreeds permanente buustelyfies (bra's) binne in negejarige dogtertjies se klere weef. Daardie arme kind, op negejarige ouderdom, moet al klaar sensueel geprikkel word. Hierdie hoerery is besig om die hele wêreld oor te neem. Mense hoereer met mekaar, man met man, vrou met vrou, oor die kleurgrense heen, oor al wat 'n nasie is, selfs met diere.

Luister mooi vir my vandag, God het vir Job gesê dat Hy die grense van die see vasgestel het en hy sal nie en hy mag nie daaroor beweeg nie. (Job 38:8-11). Net soos wat Hy vir die see grense gemaak het, het God ook riglyne en grense vir die mens gestel en gesê ons mag nie daaroor gaan nie.

- Wie is ek en jy om te sê dat ons oor daardie grense gaan beweeg?
- Wie is ek en jy om te sê, dat ons iets anders gaan doen?

Jy sien, dit is daardie rebellie en wellus wat so heers in mense vandag. Dit is hartseer om te sê, maar daar is soveel geestelike leiers wat sukkel met hoerery, maar hulle is te trots om met die probleem gehelp te word. Dit is nog 'n tentakel wat satan gebruik om mense mee te bind.

Job 38:8 En wie het die see met deure afgesluit toe dit uitgebreek, uit die moederskoot voortgekom het?
Job 38:9 Toe Ek die wolk tot sy kleding gemaak het en die donkerheid tot sy windsel.
Job 38:10 Toe Ek my grens daarvoor uitgebreek en grendel en deure gemaak het;
Job 38:11 en gesê het: Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie; en hier word 'n grens gestel vir jou trotse golwe.

## (v) Die vyfde arm is die tentakel van die OKKULTE.

Okkulte is nie net satanisme nie. Daar is honderde vorms van okkulte of toordery (witchcraft). Die Bybel sê vir ons dat rebellie al klaar toordery (witchcraft) is.

**1 Samuel 15:23 Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.**

-o0o-

**1 Samuel 15:23 For rebellion *is as* the sin of witchcraft, and stubbornness *is as* iniquity and idolatry. Because thou hast rejected the word of the LORD, he hath also rejected thee from *being* king.** KJV

As jy rebelleer teen die gesag wat God bo jou aangestel het, beoefen jy reeds rebellie. Almal is in gesagsposisies aangestel en as jy rebelleer teenoor gesag, is jy al klaar besig met toordery.

**Romeine 13:1 Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel,**
**Rom 13:2 sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.**

**Romains 13:1 Let every person be subject to the governing authorities. For there is no authority except from God** [*granted by His permission and sanction*]**, and those which exist have been put in place by God. [Pro 8:15]**
**Rom 13:2 Therefore whoever resists [***governmental***] authority resists the ordinance of God. And Those who have resisted it will bring judgment (**civil penalty**) on themselves.** AMP

Die wêreld, die sakewêreld ingesluit, is besmet met okkulte. Baie keer kom dit op so 'n onskuldige manier dat mense moet dink dit is welsynsorganisasies. Wees bedag op welsynsorganisasies en pasop maar waar jy God se tiende gee. Baie van hierdie welsynsorganisasies is op okkultiese basisse gebou, so wees versigtig dat jy nie in satan se koninkryk saai nie.

❖ **Die 5 punt ster van Lucifer is satan se pentagram en sy altaar**. Dit is die simbool van die volkome regering, die parlement van satan.

Hierdie 5 tentakels is natuurlik 'n namaaksel (counterfeit) van die **vyfvoudige bediening van God**, volgens Sy Woord:

- Apostels
- Profete
- Evangeliste
- Herders
- Leraars

**Efésiërs 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,**
**Efésiërs 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,**

Satan sê egter: "Hierdie is my namaaksel, my vyfvoudige bediening"

- Politiek,
- Tradisies,
- Mammon,
- Hoerery,
- Okkulte.

-o0o-

Die 5-punt ster wat satan vir die mens gee, is die ***simbool van sy namaaksel***. Hy bring dit in die huis, op jou kinders se klere, op jou koffiebekers, op jou embleme, orals. Die oomblik dat jy dit gebruik, verklaar jy dat jy vir satan die volle reg gee om sy hele regering op jou grondgebied te bring. Dit is die gevaar hieraan.

Ek kan julle net vertel dat in die okkultiese kringe, wanneer die hekse hierdie pentagram uitstal, versier hulle al vyf die punte van hierdie ster met swart kerse en dan sit hulle en roep die geeste uit die onderwêreld op. Hierdie altaar met die 5-punt ster, is dan waarmee satan funksioneer.

Die Here seën vir julle.

-o0o-




**Wikipedia**

**What is the five-star symbol?**

**A pentagram (sometimes known as a pentalpha, pentangle, or star pentagon) is a regular five-pointed star polygon, formed from the diagonal line segments of a convex (or simple, or non-self-intersecting) regular pentagon.**

-o0o-